# DIE STEM VAN DIE MARTELARE

**JANUARIE 2025**

## ONS FAMILIE VIR EWIG




"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3




## Die Suid-Afrikaanse Vlag se kleure verteenwoordig Verlossing in Christus

**Swart** verteenwoordig sonde. *"Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Romeine 3:23. "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." Romeine 6:23*

**Rooi** verteenwoordig die Bloed van Christus. *"Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alles sonde." 1 Johannes 1:7*

**Wit** verteenwoordig dat Christus ons van ons sonde reinig. *"Was my, dat ek witter kan wees as sneeu." Psalm 51:9*

**Geel** verteenwoordig die strate van goud. *"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." Johannes 14:3*

**Groen** verteenwoordig groei. *"Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid." 2 Petrus 3:18*

**Blou** verteenwoordig die doop – 'n manier om teenoor ander te getuig dat ons in Christus glo. Dit is nie 'n vereiste vir redding nie, maar 'n manier om ander te wys dat jy verander het. *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Matthéüs 28:19*



# Sewentien Jaar en dit Duur Voort: Stap saam met Ons Suster in Gaza

Baie van julle sal die individue op die bladsye van hierdie tydskrif herken. Ons is opgewonde om verskeie bemoedigende "Waar is hulle nou?" artikels hierdie maand voor te hou met bywerkings aan getuienisse wat ons vir die eerste keer 'n dekade of meer gelede gedeel het. Of jy nou vertroud is met hierdie kosbare Gelowiges of nie, jy sal geseënd wees om die Here se werk in hul lewens te sien deur foto's wat oor die jare geneem is asook hul bemoedigende en uitdagende stellings.

Terwyl jy hul stories lees, sal jy agterkom dat SVM hulle al jare bedien. 'n Kernwaarde van SVM se werk is om saam met vervolgde Christene te staan deur die voorspoed en teëspoed van hul lyding en vreugde, *vir so lank as wat dit neem om te sien hoe hulle herstel word tot emosionele, geestelike en fisiese welstand.* Maar verstaan asseblief dat dit nie bloot die visie van 'n organisasie en sy leiers is nie. Om mekaar se laste te dra, sodat ons in liefde en diens saam kan wandel, is wat ons almal as lede van God se ewige familie doen.

Ons Here het nie bedoel dat Christelike liefdadigheidsorganisasies die enigste moet wees wat saam met ons broers en susters in hul lyding staan en hulle bedien nie. Om te dink dit sou 'n ernstige fout wees, wat ver te kort skiet aan Christus se begeerte en plan vir Sy kerk, wat Sy liggaam en bruid is. Ons Christenbroers en -susters is nie 'n probleem om op te los nie. Hulle is nie 'n verbygaande bekommernis nie. Hulle is ons familie vir ewig.

In die lente van 2007 was ons geskok en hartseer om te hoor dat Rami Ayyad wreed deur Islamiete vermoor is. Rami was die leier van die Bybelgenootskap se werk in Gaza, en ons almal wat in die sendinggemeenskap in die Midde-Ooste gewerk het, was mismoedig om so 'n geweldige terugslag vir die bevordering van die Evangelie en God se Woord in hierdie streek te sien. Maar uitnemend in ons gedagtes en gebede was die uitroep: "Here, wees asseblief sy vrou en hulle drie klein kinders genadig!"

In die 17 jaar sedert Rami se moord het SVM en ander die voorreg gehad om Pauline en die kinders te ondersteun en te help om hul storie te vertel. Vir ons is sy 'n held; sy was nog altyd eerlik oor die stryd wat sy trotseer het. Vandag kan ons saam met haar terugkyk en geïnspireer word deur haar hartseer as 'n martelaarsweduwee, haar lewe as enkelma van drie ter wille van Christus, en haar getrouheid in volgehoue diens in een van die wêreld se moeilikste en gevaarlikste sendingvelde. As getuies van Christus se liefde, tot eer van God, mag ons altyd werk om die werklikheid van die hemel se ewige verhoudings te sien wat hier in hierdie gevalle wêreld gebou is. Mag ons ons broers en susters dien terwyl hulle ly, vir so lank as wat dit mag neem.

Ashley

*Soedannese kinders kom bymekaar by die huis van Morris en Cabina, wat aan duisende Christene bedien wat deur Soedan se burgeroorlog ontwortel is.*

# U ONDERSTEUNING MAAK SAAK

**Ons organisasie bestaan om Christene te help wat weens hul geloof vervolg word. Daar is 'n plek vir almal om deel te wees van ons familie, of dit nou is deur bloot ons stories te volg, vir mekaar te bid of 'n projek te finansier. Op watter manier ook al jy kies om betrokke te raak, sal ons dit baie waardeer en jou ondersteuning met dissipline en integriteit eer.**

**Ons waardeer jou vertroue in wat ons doen.**

**Gee 'n geskenk wat 'n ewige beloning het – besoek www.persecutionsa.org/donate**

**Bankbesonderhede ook beskikbaar op die laaste bladsy.**






# BRING DROË BENE

# *Terug na Lewe*

'n Dekade nadat sy van die gruwelike misbruik van haar Islamitiese pa in Uganda bevry is, het Susan Ithungu blywende toevlug in die liggaam van Christus gevind.

Meer as 10 jaar het verby gegaan sedert Susan Ithungu uit 'n donker, beknopte kas gered is waar haar pa haar toegesluit het nadat sy pakslae nie haar geloof in Christus geblus het nie.

Die mishandeling het op 11-jarige ouderdom begin, nadat sy as 'n Christen gedoop is. Haar pa het haar geslaan, haar lewe gedreig en haar uiteindelik toegesluit om in die duisternis te sterf. Susan se broer het af en toe in die geheim vir haar geroosterde piesangs en 'n bietjie water gegee, maar dit was amper ses maande voordat owerhede van die mishandeling verneem het en Susan in September 2010 bevry het.

Alhoewel 85% van Uganda se bevolking Christene is, neem Islamitiese ekstremisme voortdurend toe, en diegene wat Islam verlaat vir Christenskap, trotseer dikwels fisiese mishandeling deur familielede.

Met oop wonde op haar lyf, lydend aan onbehandelde malaria en met 'n gewig van 20.5kg, was Susan so swak dat haar beendere bros geword en opgehou groei het. Sy het die eerste jaar van haar vryheid in die hospitaal deurgebring en het sedertdien 13 operasies ondergaan om die skade aan haar liggaam te herstel. Sy gebruik steeds krukke om oor die weg te kom, maar haar vooruitsigte en uitkyk op die lewe is nou baie anders as toe sy die eerste keer haar pa se huis verlaat het.

"Ek voel so gelukkig," het sy tydens 'n onlangse gesprek met SVM gesê. "Van die tyd wat ek 'n Gelowige geword het en daardie dinge met my gebeur het, en daarna tydens die hospitalisasies, het ek nie geweet of ek ooit sou genees of teruggaan skool toe nie. Maar ... ek kan terugkyk en sien hoe God altyd daar was vir my en ek was nooit alleen nie. So ek weet dat wat ook al die toekoms inhou, God sal my help."

Een manier waarop Hy haar gehelp het, was deur vir haar 'n Christenvrou met die naam Dreda Birra, of "Mama Dreda", soos Susan haar noem, te stuur. Toe Dreda kort na Susan se vrylating uit gevangenskap van haar situasie verneem het, het sy

geweet die Here roep haar om haar kleinsus in Christus te help. Sy het haar verbind tot Susan se sorg en haar ingeneem as deel van haar eie familie.

'n Christenvrou wat Dreda saam Susan in die hospitaal gesien het, het 'n plaaslike kerk van hulle vertel. En soos die woord versprei het, het Christene vir hulle begin kos bring en gehelp om Susan se hospitaalrekeninge te betaal. Die globale liggaam van Christus het ook gehelp om Susan se skoolgeld te betaal en benodighede verskaf om Susan en Dreda te ondersteun.

Soms het Susan gewonder of sy 'n "normale" lewe sou ervaar, maar om goeie vriende in 'n goeie skool te vind het baie gehelp. "Daar was tye toe ek siek was of van operasies herstel het, waar ek jare van skool gemis het," het Susan gesê, "en ek het gedink: 'Goed, ek is anders en ek sal nooit inpas nie.'"

Susan het dit kortliks oorweeg om skool te verlaat, maar haar liefde vir leer het haar gedryf om te volhard. Sy het nou graad 11 voltooi en beplan haar toekoms. Sy dink sy wil dalk 'n joernalis word.

Toe Frontlinie-Werkers vir Susan die eerste keer ontmoet het, is hulle deur haar sterk geloof en positiewe gees bemoedig, maar hulle het selfs 'n groter verandering tydens hul mees onlangse besoek opgemerk. "Dit is die blyste en gesondste wat ek haar nog ooit gesien het," het een werker gesê. "As jy nie haar storie geken het nie, sou jy nooit aanneem dat sy deur alles is wat met haar gebeur het nie. Dit is 'n wonderlike getuienis, nie net van Susan en Dreda se getrouheid nie, maar uiteindelik ook die van die Here."

Behalwe die verskaffing van mediese sorg, Christelike vriende en ondersteuning vir die daaglikse lewe, het Susan die Here se getrouheid in 'n onverwagse plek gesien – haar verhouding met haar pa. In onlangse jare, soos sy volwassenheid bereik het, het sy weer met hom begin praat. Alhoewel haar pa onberouvol bly en haar lyding op haar bekering van Islam tot die Christendom blameer, het Susan die krag gevind om hom in die oë te kyk en hom uiteindelik te vergewe.

"Daar is tye wat ek net na hom kyk en kwaad word," het sy gesê, "maar dan hou ek op en onthou ek moet hom vergewe." Dit was nie maklik vir Susan nie, veral nie gedurende tye van intense pyn nie, maar vergifnis het haar 'n ander soort vryheid gebring. Sy wil haar pa eerbiedig, ten spyte van die mishandeling.

"Oomblikke van woede kan kom," het sy gesê, "maar ek vind bemoediging om die verhouding te hou. Ek kan nie eendag klaarmaak sonder om aan my pa te dink nie, en ek bid gereeld vir hom."

Susan geniet dit om die Bybel saam met vriende te bestudeer, en sy voel 'n spesiale band met Esegiël 37, waar die profeet 'n vallei vol droë bene sien. "Dit praat van die droë bene wat terugkom na die lewe," het sy gesê. "Dit is wat ek bid wat die Here fisies vir my doen en wat Hy al geestelik vir my gedoen het."

Sy verwag om nog een operasie te ondergaan, en sy hoop dit sal haar laaste wees. Sy en Dreda was hierdie jaar vreugdevol verras deur die geskenk van 'n klein huis van die globale liggaam van Christus. Die huis is geleë naby Susan se skool en weg van die pad af om vrede en sekuriteit te verskaf.

"Toe ek hoor 'n huis gaan vir ons gebou word, was ek oorweldig," het Dreda gesê en gelag. "Toe ek my familie vertel, het hulle gesê: 'God is goed!' So nou smag almal daarna om Susan hier te sien. En ons sal saam met Susan in hierdie huis dans! Alles wat ons voor gebid het, het God gedoen. Ek het vreugde in my hart; Ek kan skaars praat vanweë blydskap!" ■

*SVM het Susan in 2013 begin bedien en ons het in Desember daardie selfde jaar die eerste keer haar storie in ons "VOM USA Magazine" vertel.*




▶ Susan se geloof en blymoedige gees getuig van God se werk in haar lewe.



# Geslagte VAN VRUGDRAENDE GELOOF

▲ Kinderbediening is 'n kernfokus van kerkgroei sedert die tyd van die Viëtnam Oorlog.

*Ha Wan het gevangenisstraf en ontbering as 'n pastor in Viëtnam trotseer, maar hy het 'n nalatenskap van Christendissipels met 'n diep en blywende geloof agtergelaat*

Onder pastors in Viëtnam, dra Ha Wan byna legendariese status vir sy moed en deursettingsvermoë. Evangeliste en Bybelleraars in verre provinsies ken sy naam en gebruik steeds sy metodes om hul gemeenskappe met die Evangelie te bereik.

Maar vir sy vrou, Hien, was hy bloot 'n geduldige, hardwerkende, liefdevolle lewensmaat en mede-arbeider wat nederig die Goeie Nuus van Christus verkondig het. Besinnend oor hul huwelik, het sy gelag terwyl sy hul onortodokse hofmakery herroep het.

Toe Ha Wan in 1973 as 'n jong evangelis in Hien se distrik aangekom het, het owerhede gou kennis geneem van sy bedieningswerk en hom gearresteer – die eerste van vele arrestasies in byna 'n halwe eeu van diens aan die Here. Alhoewel sy steeds 'n tiener was, het Hien haarself in Viëtkong (kommunistiese guerrilla) klere vermom en by die plaaslike tronk ingesluip om hom vry te laat. Die tronkontsnapping het 'n vennootskap in die huwelik en bediening begin wat die res van hul lewens geduur het.

Hien se pa, die eerste bekende Gelowige in sy mensegroep, sowel as die eerste leraar in sy dorp, het haar en al haar broers en susters in die Christelike geloof grootgemaak. Sy het van 'n vroeë ouderdom geweet dat om Christus as 'n stampersoon in Viëtnam te volg, 'n moeilike pad was om te stap. In die jare, onmiddellik na die oorlog met die Verenigde State, het die Kommunistiese regering die Christendom dwarsdeur die land onderdruk. En hulle het hul strengste behandeling voorbehou vir stamgroepe, baie van wie Amerikaanse magte ondersteun het en as dislojaal teenoor die Kommunistiese saak beskou is.

In die vroeë jare van hul huwelik, na die Viëtnam Oorlog en oorname deur die Kommuniste, was enige soort Christelike aanbidding of uitreike uiters moeilik. Maar Hien en Ha Wan het 'n manier gevind om kinders vir Bybellesse bymekaar te maak en uiteindelik klasse van tot 30 kinders geonderrig.

Ha Wan is herhaaldelik gearresteer, soms vir net 'n paar dae maar ander kere vir baie langer periodes. Hy was byna drie jaar in die tronk op twee afsonderlike geleenthede en het in totaal meer as 11 jaar agter tralies deurgebring vir verkondiging van die Evangelie onder Viëtnam se stamgroepe.

Tydens elkeen van haar man se gevangenisse, hetsy dae of jare, het Hien maniere gevind om vir hul gesin te sorg terwyl sy voortgegaan het om Bybelklasse aan die plaaslike kinders te gee. Wanneer kos skaars was of wanneer sy nie genoeg geld gehad het om vir Ha Wan in die tronk te gaan kuier nie, het sy God vertrou om in haar behoeftes te voorsien. En Sy voorsiening het soms gekom deur die kinders wat sy getrou geleer het.

"Al was die kinders klein," het Hien gesê, "het hulle geweet hoe om te gee." Sy onthou een keer toe sy 30,000 dong (sowat R90 op daardie stadium) nodig gehad het om kos vir Ha Wan in die tronk te koop, en dit het na 'n onmoontlike bedrag gelyk het. "Ek kon net kniel en tot God roep en Hom vir hulp vra," het sy gesê. "God het my gebed deur die kinders verhoor." Die 30 kinders het net wat sy nodig gehad het

bymekaargemaak en dit vir haar gegee.

Daardie klas kinders het gegroei tot die grootste kerk in die provinsie, met meer as 600 kinders wat nou gereeld bywoon. En Ha Wan se invloed het nog verder gestrek. Afgesien van die Evangelie wat hy vrolik aan mede-gevangenes verkondig het terwyl hy in die tronk was, het hy en ander Christenleiers 'n visie ontwikkel om die Evangelie na ander stamgroepe te neem, hulle op te lei en te onderrig om vervolging te verduur en selfs meer dissipels te maak.

Hulle voorbeeld van bediening het 'n beduidende effek regoor Viëtnam gehad. In hul opleidingsprogram van twee jaar, word daar van studente verwag om die Evangelie met 100 mense te deel voordat hulle na die tweede jaar van die program bevorder kan word. Hierdie praktiese veldwerk verseker dat hulle dit wat hulle in hul eerste studiejaar van evangelisasie geleer het, kan toepas. Na die gradeplegtigheid aanvaar die meeste studente rolle as leiers en onderwysers in hul kerke. Die klasse word nou almal regoor die land aangebied en dit transformeer kerke en gemeenskappe.

"God het my man op 'n baie spesiale manier gebruik," het Hien gesê. "Hoewel hy baie uitdagings tydens sy bediening aan God trotseer het, het hy nie opgegee nie en nie moedeloos geraak nie. Hy het God tot sy laaste asem gedien."

Ha Wan is op 5 Junie 2021 dood nadat hy al hoe meer onder meilike gesondheidsprobleme en 'n uitgerekte terminale siekte gely het.

Toe sy gesondheid begin verswak het en hy hospitalisasie nodig gehad het, het hy ander pasiënte in die hospitaal bedien. Sy seun, Emmanuel, onthou dat sy pa een keer die dokters oorreed het om hom toe te laat om die hospitaal te verlaat om 'n erediens te lei. Nadat hy die krag bymekaargemaak het om daardie dag te preek, het hy teruggekeer hospitaal toe om sy behandeling voort te sit.

Sy passie om ander van die liefde van Christus te vertel het nooit afgeneem, selfs nie eers toe hy die dood nader nie. Eendag, nadat hy geresussiteer is weens 'n hartstilstand, het hy na sy hospitaalkamermaat gedraai en Johannes 3:16 voorgedra. "As jy vandag in Jesus glo," het hy vir die man gesê, "sal Hy jou red."

Ha Wan se volharding in die geloof deur jare van gevangenisstraf en ontbering onder 'n onderdrukkende kommunistiese regering het 'n blywende nalatenskap nagelaat. Sy seun, Emmanuel, dien nou in die kerk wat uit die kinders se Bybelklasse gegroei het, en Emmanuel besoek dikwels ander dorpe om die Evangelie onder stamme wat voorvaderaanbidding beoefen te verkondig.

"Hy het vir ons 'n goeie naam nagelaat," het Emmanuel oor sy pa gesê. "Hy het nie vir ons baie geld of eiendom gegee nie,

**"Hoewel hy baie uitdagings tydens sy bediening aan God trotseer het, het hy nie opgegee nie en nie moedeloos geraak nie. Hy het God tot sy laaste asem gedien."**

▼ Bybels is wettig in Viëtnam, maar Kommunistiese owerhede beperk evangelisasie en aanbidding.



maar hy het vir ons 'n goeie naam en goeie reputasie gegee. Wanneer ons ook al van plek tot plek gaan, ken mense hom, waardeer hom, respekteer hom en is baie lief vir hom. Hy was 'n goeie voorbeeld om te volg."

Hien gaan voort om kinders te leer en ander in kinderbediening op te lei, wat haar na aan die hart bly. Haar drie dogters is ook lidmate van die kerk en sy geniet dit om tyd in gebed saam met ander vroue te spandeer.

"Ek is met julle," het Hien uit Matteus 28:20 aangehaal. "Dit is God se belofte waaraan ek vashou. In ons grootste moeilikheid, is Hy nog steeds daar by ons. In ons vlees voel ons swak, maar God verander nooit nie." ■

*SVM is sedert 1996 in gemeenskap met Ha Wan se familie.*




**Laai ons GRATIS "VOM App" op u Slimfoon af.**

Tik "Voice of the Martyrs" in die soekveld in op *Google Play* of *die App Store*.

Daaglikse herinnerings om vir die vervolgdes te bid, navorsing te doen op Vyandige of Beperkte lande en die werk wat SVM daar doen; skakel in by *VOMRadio* plus nog vele, vele meer.

VOM App

# SKUIF OMGEE OPSY *om te Bedien*







*Pauline Ayyad se man is 17 jaar gelede weens sy Christelike geloof in Gaza vermoor. Vandag bedien Pauline aan weduwees in die Wesoewer, te midde van 'n oorlog wat meer van haar familie in Gaza bedreig.*

Pauline Ayyad is nie bang om jou te vertel hoe sy voel nie. "Dit gaan nie baie goed met my nie," het sy onlangs gesê. "Die situasie waarin ons leef is baie moeilik." Pauline vrees vir haar uitgebreide familie, wat by 'n kerk in Gaza skuiling geneem het terwyl gevegte tussen Israeliese Verdedigingsmagte en die Hamas-terreurorganisasie woed.

"Hulle is in gevaar," het sy gesê. "Ons praat van my pa, my ma en haar broer en sy gesin, asook twee van my broers en susters met hul gesinne. Almal van hulle leef in een kamer." Haar 13 familielede, insluitend haar 75-jarige ouers, slaap op matrasse op die vloer en sukkel om kos en medisyne elke dag te vind. Hulle leef met die voortdurende geraas van ontploffings, en mense is daar naby vermoor. As Christene kon haar familielede dit oorweeg om Gaza deur Egipte te ontsnap, maar dit is eenvoudig te gevaarlik. Sy het gesê een gesin wat die kerk verlaat het, is vermoor terwyl hulle die grens probeer bereik het.

"Ek kan nie my familie met enigiets help nie," het Pauline tranerig gesê. "Al wat ek kan doen is net om te bid." Pauline het haar trane weggevee en gesê sy glo dat dit gebed en die Here se beskerming is wat haar familie aan die lewe te hou.

Die vernietiging van infrastruktuur en gebrek aan elektrisiteit in Gaza het dit moeilik gemaak om met haar familie kontak te maak. Wanneer Pauline wel met hulle praat, raak sy oorweldig deur hul situasie. "Ek kan soveel keer nie eers kook nie," het sy gesê. "Wanneer ek weet my familie het nie een stukkie brood nie, is dit moeilik om selfs te kook en kos te sien."

Tog het Pauline maniere gevind om aan te gaan, net soos sy gedoen het toe haar man, Rami, jare gelede vermoor is. Rami Ayyad het gedien as die bestuurder van die enigste Christelike boekwinkel in Gaza; die winkel was 'n bediening van die Gaza Bybelgenootskap. Op die aand van 7 Oktober 2007 was Rami ontvoer toe hy die boekwinkel verlaat het. Hy het daarin geslaag om een laaste telefoonoproep na Pauline te maak kort nadat hy ontvoer is, maar dit was die laaste keer dat sy



▲ Van Pauline se familie bly in Gaza, waar hulle deur die voortslepende konflik bedreig word.

van hom gehoor het. Sy liggaam was die volgende oggend gevind.

Rami se dood het Pauline, wat op daardie tydstip swanger was, platgeslaan. Sy het met diepe hartseer gesukkel, maar oor etlike jare het die Here haar gehelp om diegene wat haar man vermoor het, te vergewe.

Pauline het haar reis na vergifnis by Christenkonferensies en in die media gedeel, en haar kinders het dit vele kere gehoor. “Hulle het met ‘n vergifnis-identiteit grootgeword,” het sy van haar drie kinders, nou tieners, gesê. “Ons soek nie wraak nie. Ek het altyd vir hulle gesê ons is lief vir hierdie mense.”

Na Rami se dood het Pauline en haar kinders van Gaza na Israel se Wesoewer verhuis. Om sonder ‘n pa groot te word, was baie uitdagend vir die kinders, veral Pauline se oudste kind, George, wat onlangs van hoërskool gegradueer het. “Hy was meer deur die dood van hul pa geraak omdat hy reeds amper 3 jaar oud was toe Rami dood is,” het Pauline gesê.

George het veral op skool gereeld uit woede opgetree nadat hy ander studente met hul pa’s gesien het. En hy kon ook moeilik wees by die Christenkonferensies waar sy gereeld gepraat het. “Ek het later uitgevind hulle geniet dit nie om die konferensies by te woon nie,” het Pauline oor die kinders gesê. “Hulle geniet dit nie om by gesinne te wees nie, want hulle voel dat daar iets kort – een deel van die familie ontbreek.”

Meer onlangs het Pauline gesê dat God haar kinders se harte genees het. “Ek het altyd vir my kinders gebid,” het sy gesê, “en God het elkeen van hulle met ‘n spesiale aanraking hanteer en elkeen met hul eie uitdagings gehelp.”

George se hart is twee jaar gelede diep geraak tydens ‘n jeugkonferensie. By die geleentheid het hy sy lewe ten volle aan Christus gewy nadat hy gevoel het dat die Here hom tot die bediening roep. “Ons kon die wonderwerk sien wat in sy lewe gebeur het, veral in sy studies,” het Pauline gesê. “Sy roeping het ‘n verandering gemaak en genesing in sy lewe gebring.”

## “Ons soek nie wraak nie. Ek het altyd vir hulle gesê ons is lief vir hierdie mense.”

Maar Pauline bekommer haar elke keer oor George as hy by die voordeur uitstap. Terwyl die Wesoewer veiliger is as Gaza, het net Pauline en haar twee jonger kinders, Wissam en Sama, verblyfpermitte van die Israeliese regering. George, wat teen daardie tyd ouer en in ‘n ander regskategorie was toe hul papierwerk gefinaliseer is, het nie ‘n verblyfpermit vir Wesoewer ontvang nie. Daarsonder kon Israeliese owerhede George terugstuur na Gaza, ten spyte van die voortslepende oorlog. Die Israeliese regering het George ook toestemming geweier om ‘n Bybelskool in die buiteland by te woon, wat sy hartsbegeerte is.

Pauline het gevra vir gebed dat George sy verblyfpermit en toestemming om te reis sal ontvang, en dat almal van haar kinders met die Here sal wandel en sy doel vir hulle vervul.

Sy het ook gebed versoek vir die 19 weduwees met wie sy by haar plaaslike kerk ontmoet. “Daar is soveel uitdagings soos ek weduwees bedien,” het sy gesê. “Die situasie waarin ons woon, dit is ‘n oorlog situasie, en baie van die dames wat ek bedien het hul werk verloor. Hul kinders het hul werk verloor.”

Pauline bid saam met die vroue en luister met deernis terwyl hulle hul stories deel. “Hulle het trane,” het sy gesê. “Hulle laat die Gees van God hulle aanraak, en hulle gaan huistoe met bietjie bemoediging.”

Sy erken egter dat die bediening persoonlike opoffering verg. “Ek het ‘n ekstra las,” het sy gesê. “Maar ek moet bedien, ten spyte van wat ek deurmaak. Soms sê ek vir hulle: ‘Ek kan julle nie bedien nie,’ maar ek wil nie ophou nie. Wanneer ons ontmoet, seën God hulle.”

Pauline het nooit verwag om ‘n prediker vir weduwees te word nie, maar die Here het hulle net ‘n jaar na haar man vermoor is op haar hart geplaas. Op 6 Oktober 2008 het haar suster gebel om haar te vertel dat die man van ‘n vriendin uit kinderjare, oorlede is.

“Op daardie oomblik het ek al die las van my lyding en al my pyn ... opsy geskuif,” het Pauline gesê. “Ek het net dadelik na my vriendin gegaan.” Tydens hul ontmoeting het sy die Evangelie gedeel en gedoen wat sy kon om haar vriendin te troos, alhoewel Pauline self steeds bedroef was en nog nie gereed was om Rami se moordenaars te vergewe nie.

“Ek het my kindertjies geneem,” onthou sy, “en ek het by haar gaan kuier; sy het ook klein kinders gehad. Ek het nie geweet dat God besig was om my voor te berei vir die bediening van weduwees nie.”

Pauline hoop om eendag weduwees in Gaza te help en met hulle die verhaal te deel van hoe Christus haar en haar seun George tot vergifnis en vrede gelei het.

“My geloof in Christus en God het nie verander nie,” het sy gesê. “Tot vandag toe glo ek nog die vers wat God vir my gegee het: ‘Alles werk ten goede mee vir die wat die Here liefhet en na sy voorneme geroep is.’”

Pauline versoek dat die globale liggaam van Christus sal bid vir vrede in Israel, insluitend die Wesoewer en Gaza. “Bid dat daar ‘n gegronde vrede en ‘n regverdige vrede vir almal sal wees, want ons het daardie soort vrede nodig,” het sy gesê.

Terwyl die gevegte voortduur en haar familielede in Gaza in gevaar bly, het Pauline gesê sy sukkel by tye met vrees. Maar haar bekommernisse sal haar nie verhinder om ander te bedien nie.

“Ek probeer die situasie van my gesin opsy skuif om daardie vroue te bedien,” het sy gesê. “Ondanks al die pyn en al die ongeregtighede wat ons rondom ons sien, vertrou ek dat God ‘n doel met elkeen van Sy kinders het.” ■

*SVM het Pauline in 2013 begin bedien en ons het die eerste keer haar verhaal in daardie selfde jaar vertel.*

▼ Pauline het haar kinders gelei om diegene te vergewe wat hul pa vermoor het, en sy help nou ander weduwees om vrede deur vergifnis te vind.




## U ONDERSTEUNING MAAK SAAK

Ons organisasie bestaan om Christene te help wat weens hul geloof vervolg word. Daar is ‘n plek vir almal om deel te wees van ons familie, of dit nou is deur bloot ons stories te volg, vir mekaar te bid of ‘n projek te finansier. Op watter manier jy ook al kies om betrokke te raak, sal ons dit baie waardeer en jou ondersteuning met dissipline en integriteit eer.

**Ons waardeer jou vertroue in wat ons doen.**

Gee ‘n geskenk wat ‘n ewige beloning het – besoek www.persecutionsa.org/donate

**Bankbesonderhede ook beskikbaar op die laaste bladsy.**



# Verwelkom VREEMDELINGE EN BEDIEN VYANDE

*Na meer as drie dekades se bediening saam, gaan Pastor Morris en sy vrou, Cabina, voort om die liefde van Christus te verkondig en sorg te verleen aan Soedan se groeiende bevolking van intern ontwortelde mense.*

Terwyl hy deur 'n vol kamp met meer as 24 000 ontwortelde Soedannese stap, word Morris verwelkom soos 'n geliefde oom wat jare laas gesien is. Terwyl vroue en kinders uit hul klein strooi- en stokhuise kom, groet die pastor hulle hartlik en vertel hulle van komende hulpverspreidings. Toe, in 'n ontploffing van gesellige opgewondenheid, het 'n vrou skielik verskyn om hul ou vriendskap te vernuwe.

"Ag, sy onthou my van voorheen," het Morris laggend gesê. "Voorheen" verwys na 'n tyd toe die vrou Morris en sy vrou, Cabina, in hul nabygeleë huis besoek het op soek na hulp.

Morris en Cabina het mense in Soedan se Nuba-gebergtes vir drie dekades gehelp. Die Nubaberge is meestal geleë in Suid-Kordofan-staat langs die grens met Suid-Soedan en is die tuiste van verskeie Christen-stamgroepe in 'n land wat 90% Soenniet-Moslem is.

Baie Nuba-Christene het Christus leer ken deur die nalatenskap van Christensendelinge wat in die vroeë 1900's in die gebied aangekom het. Vandag is die streek oorwegend Christelik en meestal outonoom; dit het sy eie regering en weermag. Streeksmagte het sedert die 1980's teen Soedannese regeringsmagte geveg, terwyl die onderdrukkende Islamitiese regering gepoog het om Christene in die streek uit te wis.

Op 15 April 2023 het twee Islamitiese generaals wat om beheer van die land meegeding het, 'n bose burgeroorlog in die land se hoofstad, Khartoem, begin. Terwyl gevegte in die stad gewoed het, was Christene spesifiek geteiken. "Daar was 'n toename in die opportunistiese moord op Christene," het 'n Christenleier gesê.

Honderde duisende Soedannese, insluitend baie Christene, het uit Khartoem en ander dele van Soedan gevlug vir skuiling teen die gevegte in die Nubaberge. Plaaslike amptenare sê meer as 700,000 mense het ingestroom in kampe vir intern ontworteldes (GOP) in 'n streek met 'n grootte gelykstaande aan die van die V.S. staat van Georgia. Duisende het bouvallige hutte in die veld agter pastor Morris se huis opgerig, en meer het daagliks gearriveer.

'n Christenvrou genaamd Halima het saam met haar drie kinders uit Khartoem gevlug nadat haar broer deur een van die strydende faksies vermoor is. Sy sukkel nou om te oorleef en hongersnood is 'n werklike bedreiging as gevolg van die oorlog en 'n onlangse droogte. "Ons het niks nie," het sy gesê. "Ons het hierdie blare geëet."

Wanneer ontwortseldes by die kamp aankom, soek hulle dikwels hulp by Morris en Cabina se nabygeleë huis. "Daar is baie, baie meer mense wat na ons huis toe kom," het Cabina gesê. "Ons het nie veel nie, maar die bietjie wat ons het, deel



▲ Honderde duisende Soedannese het sedert 2023, toe burgeroorlog in Khartoem uitgebreek het, in kampe vir intern ontworteldes skuiling geneem.

ons met hulle." 'n Koppie water is soms die enigste ding wat sy kan gee vir diegene wat voor haar deur verskyn.

Maar Cabina probeer ook mense na die ewige hoop wys. "Ek sê vir hulle: 'Ek het nie genoeg om vir julle te gee nie, maar ek wil vir julle sê om op God staat te maak,'" het sy gesê. "God is wat hulle nodig het. God is getrou. Hy sal vir julle voorsien, soos Hy in die Bybel sê, selfs kos vir die voëls van die hemel voorsien."

Morris en Cabina het ander regdeur hul 33-jare lange huwelik gehelp. Soms het dit vertroosting gebring vir diegene wat familielede in bomaanvalle deur die Islamitiese Soedannese regering, verloor het. Oor die dekades het Cabina haar huis en haar hart oopgemaak vir talle weeskinders wat hul ouers op so 'n wyse verloor het. En Morris het verskeie vriende gesien sterf toe sy skool as kind gebombardeer is, so hy verstaan die emosies wat baie van sy nuwe bure ervaar.

Ten spyte van die lyding en dood wat deur die bomaanvalle veroorsaak is, wat steeds die Nuba-dorpe soms teiken, reik Morris uit na Soedannese Moslemsoldate wat deur die streek se weermag gevange geneem word. Sy bedieningswerk onder die vyandelike vegters is egter omstrede, en selfs een van sy seuns keur dit af. "Hoekom help jy hierdie mense wat ons bombardeer?" het sy seun gevra.

"Ek sê vir hom as gevolg van die liefde van Jesus," het Morris verduidelik. "Hy het ons beveel om die mense te help wat ons vervolg, ook om hulle lief te hê."

Morris dien ook as hoofkapelaan by 'n nabygeleë Christelike hospitaal wat dikwels vir diegene sorg wat in die gevegte gewond is. Maar die mees dringende behoefte wat hy en Cabina sien, is in die uitgestrekte GOP-kamp wat myle verder as hul agterplaas strek. Die kamp het net een waterput en mense wag ure, soms die hele nag lank, om hul plastiekkanne vol te maak.

"Hulle soek regtig net wat hulle kan eet en wat hulle kan drink," het Cabina gesê.

"Ons gee hulle ook die boodskap van hoop en vertel hulle van die liefde van God."

Cabina het gesê hul werk is emosioneel en fisies uitputtend. "Wanneer ek probeer om te bedien, maar my huis vol is en ek moeg is vir hierdie mense wat almal die hele tyd kom, ... vra ek God om my hart met liefde te vernuwe," het sy gesê.

God was getrou om die egpaar se deernis vir vreemdelinge te herstel en om vir hulle krag te gee om voort te gaan met hulle bediening, maar die werk kan oorweldigend en vol hartseer wees. Net dae tevore het verskeie hutte in die kamp aan die brand geslaan waarin twee jong kinders dood is.

"Almal sal getraumatiseer word as



gevolg van dit wat gebeur," het Morris gesê. "Daar is mense wat al huil en soms selfs vra: 'Wat gebeur hier, God?'"

Die egpaar probeer vertroosting verskaf waar hulle kan. "Ons vertel mense dat God in beheer is, God weet alles," het Morris gesê. "God is lief vir ons, al ontvang ons hierdie dinge."

Met SVM se hulp het Morris seile, oudio-Bybels en ander voorrade aan mense in die kamp voorsien. Sokkari, 'n 50-jarige Christenvrou met 12 kinders in haar sorg, het uit Khartoem gevlug net nadat die oorlog uitgebreek het. Sy het 'n familielid in die gevegte verloor en sy het gehoor meisies is verkrag en seuns is gedwing om by die gevegte aan te sluit.

**"Ek weet dat God ons beskerm het totdat ons hierdie kant toe gekom het. Die Bybel help my om hierdie slegte gedagtes weg te neem en die Woord van God in my hart te plaas."**

Sokkari, wat nie kan ophou dink aan die gruwels wat sy in Khartoem aanskou het nie, is dankbaar vir die oudio-Bybel wat Morris vir haar gegee het. "Ek het gebid," het sy gesê. "Ek weet dat God ons beskerm het totdat ons hierdie kant toe gekom het, maar tot nou toe is my gedagtes oral. Die Bybel help my om hierdie slegte gedagtes weg te vat en die Woord van God in my hart te plaas."

Morris en Cabina is toegewyd om God se Woord te versprei en Sy Goeie Nuus te verkondig. Hulle vra Christene regoor die wêreld om te bid dat hulle krag vernuwe sal word, dat vrede na Soedan sal kom en dat God sal voorsien vir die menigte van ontwortelde Christene wat hulle dien.

"Ek weet dat God vir my hierdie werk gegee het," het Cabina gesê, "en ek is by Hom. Hy help my om die werk te vervul." ■

*SVM was vir baie jare in gemeenskap met Morris en Cabina. Ons het hul storie die eerste keer in 2015 vertel.*



▶ Ten spyte van die swaarkry van hul werk, is Morris en Cabina daartoe verbind om die Goeie Nuus aan hul ontwortelde bure te verkondig.

# Gebedsdagboek Januarie 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| W | 1 | TOGO | Bid vir Abraham wat deur mense wat towery beoefen geslaan is omdat hy sy geloof in Christus geplaas het. |
| D | 2 | KUBA | Bid vir die wysheid van Christenouers wat regeringsbeperkings trotseer wat hul verhinder om hul kinders in die geloof groot te maak. |
| V | 3 | DJIBOETI | Bid dat Christenbekeerlinge uit Islam staande sal bly wanneer hul gesinne hul nuwe geloof ontdek. |
| **S** | 4 | MAROKKO | Bid vir die wysheid en krag van kerkleiers wat gereeld deur regeringsamptenare ondervra word. |
| **S** | 5 | GUINEE | Bid dat Christene wat deur hulle families vervolg word, nader aan Christus sal kom en Sy teenwoordigheid sal ervaar. |
| M | 6 | NIGERIË | Bid vir Sade en haar kinders wat deur militante Fulani-Moslems uit hul huis verdryf is. |
| D | 7 | BHOETAN | Bid dat God se Woord Christene en soekers soos Pema en haar gesin ten spyte van regeringsbeperkings sal bereik. |
| W | 8 | FILIPPYNE | Bid vir God se vrede onder Christene wat onder dreigemente van aanval van Islamitiese rebelle leef. |
| D | 9 | COLOMBIA | Bid vir Evangeliewerkers in “rooi sones” waar Marxistiese guerrillas en paramilitêres beheer deur geweld uitoefen. |
| V | 10 | BENIN | Vandag is Nasionale Voedoe-dag in Benin. Bid dat voedoeïste nuwe lewe in Christus sal vind. |
| **S** | 11 | MEKSIKO | Bid vir Ruth en Aurelio se emosionele genesing. Hulle is weens hul evangeliebediening deur gemaskerde gewapende mans ontvoer. |
| **S** | 12 | IRAK | Bid dat Christene die Groot Opdrag getrou sal uitvoer, selfs diegene sal bereik wat teen die Evangelie gekant is. |
| M | 13 | OEBEKISTAN | Prys God dat boetes en aanhoudings nou skaars is en dat Christene groter vryheid het om hul geloof te beoefen. |
| D | 14 | SRI LANKA | Bid dat Anuradha haar geloof met vrymoedigheid sal deel wanneer sy weens haar Christelike getuienis voor die polisie gebring word. |
| W | 15 | AFGANISTAN | Bid dat Bybelvertalingswerk God se Woord toeganklik sal maak vir Afghanistan se meer as 40 mensegroepe. |
| D | 16 | MAURITANIË | Prys die Here dat Christenwerkers na Mauritanië terugkeer na ’n lang breek in sendingpogings. |
| V | 17 | SOMALIË | Bid vir die bevordering van die Evangelie in die streke van Hargeisa, Kismayo en Jigjiga. |
| **S** | 18 | DRK* | Bid vir die oorlewendes van ’n bomaanval op ’n kerk in Kasindi waarin 15 mense dood is. |
| **S** | 19 | CHINA | Bid dat Chinese pastors bemoedig sal word en standvastig sal staan teen regeringsdreigemente. |
| M | 20 | NEPAL | Bid dat Christene wie se kerke deur Hindoe-bendes aangeval is, God se liefde vir hulle vervolgers sal weerspieël. |
| D | 21 | NOORD-KOREA | Bid vir die wysheid van Frontlinie-Werkers wat aan Noord-Koreaanse oorlopers in Suid-Korea bedien. |
| W | 22 | SOEDAN | Bid vir Christene wat geraak word deur die gevegte tussen Islamitiese faksies wat meeding om beheer oor die land. |
| D | 23 | BROENEI | Bid vir Christenkinders in graad 2-5, aangesien hulle een uur per dag Islamitiese onderrig moet bywoon. |
| V | 24 | TURKMENISTAN | Bid dat Christene ten spyte van ernstige beperkings op Christelike aanbidding, sal voortgaan met byeenkomste. |
| **S** | 25 | SIRIË | Bid dat God oorvloedig sal voorsien in die behoeftes van Christene wat hul werk weens hulle geloof verloor het. |
| **S** | 26 | MOSAMBIEK | Bid vir Christene wat familielede in aanvalle verloor het deur Islamitiese groepe in die noorde van Mosambiek. |
| M | 27 | MALI | Bid vir Kalifa en sy gesin wat weens hul geloof in Christus deur hul gemeenskap aangeval is. |
| D | 28 | AZERBEIDJAN | Bid vir Christene wat die Evangelie deur sosiale media verkondig. |
| W | 29 | NIGER | Bid vir die effektiewe verspreiding van oudio-Bybels onder diegene wie se harte gereed is om die Evangelie te ontvang. |
| D | 30 | ALGERIË | Bid vir Bybelverspreiders en -ontvangers aangesien verspreidings gevaarlik is en staatsamptenare Bybels konfiskeer. |
| V | 31 | RUSLAND** | Bid dat Christene wat buite die Russies-Ortodokse Kerk aanbid met vrymoedigheid sal getuig. |

*DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO

**RUSLAND EN ANDER GEBIEDE ONDER SY BEHEER

---

Christilike Sending Internationaal

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** |
Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;**
**Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson**

**© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.**

**VIR DONASIES AAN CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL gebruik asseblief enige van die volgende Bankbesonderhede:**

**Nedbank**
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw.: U Naam en Sel Nr.

**Standard Bank**
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)
Verw.: U Naam en Sel Nr.

**ABSA Bank**
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)
Verw.: U Naam en Sel Nr.